
## 404 Reeds wyk die daglig vir die duister




Ons dank U dat u Kerk gewaak het,
terwyl die lewe voorwaarts spoed,
en nooit haar heilig taak gestaak het,
maar voortgaan met onwrikbaar moed.

Terwyl oor vasteland en eiland
die dag weer breek, so wonderskoon,
rys daar gebede tot die Heiland,
en styg ‘n loflied na sy troon.

Verlig vir ons die nag se duister,
ontwaak oor see die ander weer;
en hul sien daar dan weer u luister,
en sing hul loflied tot u eer.

So is dit Heer! U troon sal altyd,
bo aardse ryke, pal bly staan.
U heerskappy sprei oral landswyd,
u roem en eer sal nooit vergaan.

John Ellerton (1826-93) C.C. Scholefield (1839-1904)